

## 'N GODDELIKE OF TEOLOGIESE DEUG

GELOOF is die teologiese deug waardeur ons in God glo en alles wat Hy aan ons geopenbaar het en wat die Kerk ons leer, omdat God die waarheid self is.

# DIE 7 DEUGDE

## 'N GODDELIKE OF TEOLOGIESE DEUG

HOOP is die teologiese deug waardeur ons van God die ewige lewe as ons geluk verlang en afwag.

## 'N GODDELIKE OF TEOLOGIESE DEUG

LIEFDE is die teologiese deug waardeur ons God bo alles liefhet en ons naaste soos onself uit liefde vir God. Jesus het van die liefde 'n nuwe gebod gemaak waardeur die wet vervul is.

## 'N KARDINALE OF MENSLIKE DEUG

GEREGTIGHEID of REGVERDIGHEID bestaan uit die standvastige en vaste wil om aan ander te gee wat hulle toekom. Regverdigheid teenoor God staan bekend as die "deug van godsvrug".

## 'N KARDINALE OF MENSLIKE DEUG

MATIGHEID temper die aanloklikheid van genotsug, dit verseker die wil se beheer oor instinkte en stel die mens in staat om die ewewig in die gebruik van alles wat geskep is, te behou.

## 'N KARDINALE OF MENSLIKE DEUG

STERKTE verseker standvastigheid in moeilikhede en volharding in die soeke na dit wat goed is. Sterkte strek sover as die vermoë om uiteindelik die eie wil vir 'n regverdige saak op te offer.

## 'N KARDINALE OF MENSLIKE DEUG

VERSTANDIGHEID of VERSIGTIGHEID stel die verstand daartoe in staat om in alle omstandighede dit te onderskei wat werklik goed vir ons is, en om die regte middele te kies om dit te bekom.

## WAT IS 'N DEUG?

'n DEUG is 'n konstante en standvastige ingesteldheid om die goeie te doen. "Die doel van 'n deugsame lewe is om soos God te word" (St. Gregorius van Nyssa).

Daar is goddelike of teologiese deugde en daar is kardinale of menslike deugde, soos hierlangs uiteengesit.

Lees gerus meer in die KOMPENDIUM VAN DIE KATEGISMUS VAN DIE KATOLIEKE KERK, bl. 123, paragraaf 377 cf.